MENTORVENNOOT

NUUS

September 2019

Snapspel 2019

- **Die Snapspelprogram vir 2019 is voltooi.**
- **40 Hoërskole in al 9 provinsies het daaraan deelgeneem**
- **960 Senior leerders het deur twee verskillende simulasies blootstelling aan entrepreneuriese- en besigheidbeginsels gekry.**
- **Baie dankie aan al die skoolhoofde en onderwysers wat hieraan mee gedoen het.**
- **Baie dankie ook vir Marius Joubert en Rona Van Hoepen vir die wyse waarop julle dit aanbied**

Hoërskool Ermelo

Hoërskool Namakwaland(Springbok)

- Enkele kommentare van die leerders:
  - **Dit help ons om op ander maniere na dinge te kyk en so geleenthede raak te sien.**
  - **Hou aan wat julle doen, omdat dit 'n impak maak.**
  - **Dit inspireer leerders om hulle talente bloot te stel en nie bang te wees nie.**
  - **I think you guys should be more active and you guys should educate more children about it so that they can have an entrepreneurial mind set.**
  - **Ek wil die geleentheid gebruik, maar ek wil sê, ek kan doen met 'n handjie raad en 'n sakkie geld.**
  - **I would really like to have one-on-one classes.**
  - **Help ook die minderbevoorregte kinders.**
  - **Om entrepreneurs met beurse en fondse by te staan**
- Kommentaar van `n skoolhoof

  Die gesprek op die skoolterrein is besig om te verander (verwysend na Entrepreneurskap)
- Die skole wat vanjaar bo geeïndig het is:

Restaurant:

- ✓ Paulus Joubert (1e)
- ✓ Jim Fouche (2e)
- ✓ Die wenspan wat beste gedoen het is Nico Malan

Lugdiens:

- ✓ Oudsthoorn (1e)
- ✓ Fochville (2e)
- ✓ Die wenspan wat die beste gedoen het is Melkbosstrand Privaatskool

Hoërskool Paulus Joubert en Oudtshoorn dring dan deur na ons finaal van 2019. Die derde skool word bepaal deur die wie die meeste suksesstories instuur. Op die oomlik is dit Hoërskool Outeniqua van George.

Sluitingsdatum hiervoor is 15 September 2019.

- **Sien Mentorvennoot se webwerf vir volledige uitslae;**
- **Die finaal vir vanjaar vind plaas op Saterdag 12 Oktober in Kaapstad.**
- **Die Burgemeester van Kaapstad, Mnr Dan Plato gaan die geleentheid bywoon!**

- **Die tydgleuf vir 2020 se Snapspelprogram vind vanaf Oktober 2019 tot Oktober 2020 plaas. Hou julle uitnodigings dop – hierdie word `n al hoe gewilder geleentheid. Dit kos Mentorvennoot  etlike rande per skool wat ons sien as beleggings in leerders se toekoms - spesifiek met entrepreneurskap as`n oplossing vir baie jongmense.**

Entrepreneurklubs

- **Skole moet poog om entrepreneurklubs te hê. Dit skep praktiese geleenthede vir die leerders. MV kan daarmee help.**
- **Dit is goed om te sien hoe lewendig Melkbostrand se Trepklub is. Mooi so!**
- **Die Voortrekkers van Stellenbosch is betrokke met skole se klubs, onder andere Bloemhof en Kylemore. Dankie vir Zandria Jordaan wat hiermee help**

Mentorvennoot Verenigings(MVV)

- **Baie geluk aan Drakenstein (Paarl) MVV wat hulle jaarlikse Eendag-Entrepreneurkursus onder leiding van Dr Carel Stander en Andries Domburg op 16 Augustus aangebied het.**

Die sewende entrepreneurskursus vir hoërskole wat reeds sedert 2014 aangebied word is weereens deur die Drakenstein Mentorvennoot Vereniging gereël. Dit word geborg deur Drakenstein Stad en die Drakenstein Sakekamer en is op Vrydag 16 Augustus in die ouditorium van die Burgersentrum deur ’n suksevolle rolmodel entrepreneur asook ander kenners, aan 105 senior leerders van sewe Paarlse Hoërskole aangebied.

Dit is ’n unieke kursus gemik op die bewusmaking en ontwikkeling van jong entrepreneurs wat deur suksesvolle entrepreneurs, wat dien as rol modelle, op praktiese wyse aangebied word. Dit behels die proses van die ontstaan van ‘n goeie idee tot die bedryf van ’n volhoubare besigheid.

Van links: Andries Domburg(Mentorvennoot ; Direksie Voorsitter) en Dr Carel Stander staan agter saam met drie leerders onderskeidelik van Kylemore en Paarl Gimnasium

- **`n Nuwe MVV is in Worcester gestig**
- **Op 9 September 2019 vind die stigting van `n Mentorvennoot Vereniging in Pretoria by Hoërskool Oos-Moot plaas**

Entrepreneurkompetisie van 2019

- **Ons wag met opgewondenheid vir al die individuele inskrywings vir ons landwye Entrepereneurkompetisie. Doen dit per whatsapp op die inskrywingsvorms wat by onderwysers beskikbaar asook weer hier onder aangeheg is en stuur na : 0824596316**
- **Die sluitingsdatum vir 2019 se inskrywings is 15 September**

Vennote

- **Dameskring gaan in 2020 help met die stigting van MVV in verskeie dorpe**
- **Die Burgemeester borg vanjaar die finaal wat in die Burgersentrum van Kaapstad aangebied word.**
- **Mentorvennoot het vir Natale Roelofse aangestel as Bronmobiliseerder wie se hoofdoel is om fondse te genereer sodat ons programme volhoubaar kan wees.**

- **Kontak hom oor enige befondsing vir Mentorvennoot by: roelofses@breede.co.za**

Direksie

- **Dr Dionē Prinsloo tree as Direksielid af.**
- **Prof Anne-Marie Beukes is die nuwe HUB van SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en nou ook lid van ons Direksie.**

Dr Dionē Prinsloo

Prof Anne- Marie Beukes

Vir enige navrae kontak ons by : info@mentorvennoot.co.za of besoek ons nuwe webwerf: www.mentorvennoot.co.za

Kobus van den Bergh

Besturende Direkteur

Mentorvennoot

**~~~

SNAPspel 2019

ENTREPRENEURSKOMPETISIE INSKRYWINGSVORM

My entrepreneurskap suksesstorie…..

NAAM & VAN		
SKOOL		
GRAAD & KLAS		
Beskrywing van my produk, besigheid of diens		
Ek wou geld spaar vir 'n spesifieke doel (ja/nee), verduidelik		
Wins behaal? (bedrag of beraamde)		
Grootste besigheidsles geleer		
Belangrike lewensles geleer		

Inskrywings kan op die volgende maniere ingehandig word:

- Epos na: info@mentorvennoot.co.za
- Whatsapp met 'n duidelike foto van die voltooide inskrywingsvorm, na 082 459 6316

Sluitingsdatum: 15 Septembe

SNAPspel 2019

ENTREPRENEURIAL COMPETITION ENTRY FORM

My entrepreneurial success story……

NAME & SURNAME		
SCHOOL		
GRADE & CLASS		
Description of your product / Business		
I wanted to save money for a specific goal (yes/no) If yes, explain		
Profit generated? (amount or estimated amount)		
Biggest business lesson I've learned		
Most important life lesson I've learned		

Entries could be submitted via one of the following methods:

- Email to: info@mentorvennoot.co.za
- WhatsApp with a clear photo of the entry form to 082 459 6316

Closing Date: 15 September 2019